**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE HG**

# POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**KORTVRAE**

1.1 Betekenis van woorde

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Metanoia: | Verandering van hart (tot inkeer kom)/bekering | | |
| 1.1.2 | Ekklesia: | Kerk/Godsdienstige vergadering | | |
| 1.1.3 | Koinonia: | Gemeenskap/samehorigheid | | |
| 1.1.4 | Sakrament: | ? Sigbare teken van ? innerlike werklikheid | | |
| 1.1.5 | Jesus: | Verlosser/Redder | 5x2= | (10) |

1.2 Name

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Petrus | | |
| 1.2.2 | Timoteus | | |
| 1.2.3 | Silas/Silvanus | | |
| 1.2.4 | Barnabas | 4x2= | (8) |

1.3

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | b | | |
| 1.3.2 | a | | |
| 1.3.3 | e | | |
| 1.3.4 | f | | |
| 1.3.5 | c | | |
| 1.3.6 | d | | |
| 1.3.7 | g | 7x2= | (14) |

1.4 Boeke in Nuwe Testament

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | 4 | | |
| 1.4.2 | 7 | | |
| 1.4.3 | 13 | | |
| 1.4.4 | 1 | 4x2= | (8) |

1.5 Voltooi aanhaling

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | dissipels | | |
| 1.5.2 | Vader | | |
| 1.5.3 | Seun | | |
| 1.5.4 | Heilige Gees | 4x2= | (8) |

1.6 Apokaliptiese simbole

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Lam | – | Opoffering/Christus/Jesus | | |
| 1.6.2 | Kleur swart | – | Dood | | |
| 1.6.3 | Geral drie | – | Volheid/God | | |
| 1.6.4 | Getal veertig | – | ? Lang tyd | 4x2= | (8) |

1.7 Gemeentes in die Openbaring

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ephesus | Smyrna | Pergamum | Thyatire | | |
| Sardis | Philadelphia | Laodicea | | 4x2= | (8) |

1.8 Algemene openbaring: Aan alle mense in die skepping/natuur; te alle tye; mense van enige ouderdom; op alle plekke.

Besonderse openbaring: In die Bybel; Jesus 2x2= (4)

1.9 Jesus Christus (2)

1.10 Johannes (2)

1.11 Matteus

Markus 2x2= (4)

1.12 Berou. (2)

1.13 Laat dit so wees. (2)
**[80]**

AFDELING B

**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

2.1 <u>Evangelie volgens Lukas.</u>

2.1.1 <u>Lukas se evangelie van gebed</u>.

Lukas noem dat Jesus bid op die belangrike geleenthede in Sy lewe b.v.

- Jesus bid voor Sy doop
- Jesus bid voor die kiesing van die twaalf
- Jesus bid tydens sy verheerliking
- Jesus bid in Getsemane
- Jesus bid vir Petrus dat sy geloof hom nie begewe nie.

In Lukas se twee gebedsgelykenisse, nl.

- die vriend wat middernag kom brood vra
- die weduwee en onregverdige regter

Lukas haal ook lofprysing aan, soos die van Maria, Elisabet en Sagaria.
Sy hele evangelie is vol van mense wat God prys. 8x2= (16)

2.1.2 Lukas verwys na meer mediese aangeleenthede

Meer genesings as ander evangelies
Mediese terme soos **oortrek van melaatsheid** of **hewige koors**
Gebruik 400 woorde wat mediese terme bevat
Om ? dooie op te wek beïndruk hom – soos die weduwee van Nain se seun, Jairus se dogtertjie.
Dit beïndruk Lukas dat Jesus die blinde genees
Jesus genees Malgus se oor maklik
Die blydskap van die wat genees is, word duidelik uitgebeeld
Ons weet Hy was ? geneesheer, want Paulus verwys na die **geliefde geneesheer**
Meer genesingswonders word in sy evangelie gevind as in die ander 7x2= (14)

2.2 Paulus se briewe is nog van waarde vir Christene in hierdie moderne wêreld

Hy het die morele vraagstukke van vandag verduidelik en probeer om Jesus se leer uit te lê.
Sy briewe het die hele Christendom beïnvloed
Elke Christelike denkrigting is vanuit Paulus se lering ontwikkel
Paulus skryf aan mense met probleme
Hy beantwoord vrae en gee oplossings
Hy bespreek die aard van Christus se reddingswerk
Alle vergifenis kom van die kruis
Vir Christus was die kruis deel van Sy sending
Paulus bespreek die gevolge van Jesus se evangelie
Die Boodskap van Paulus het vandag nog steeds net soveel trefkrag as vroeër
Paulus praat sodat alle mense kan verstaan
Hy leer van die misterie van Christus
Hy gee leiding oor die Christelike lewe en gedrag 7x2= (14)

2.3 Inhoud van die brief van Jakobus en waarom Luther dit "Strooi" genoem het

Jakobus skryf net oor die praktiese toepassing van die Christelike leer op alledaagse situasies – dit was Luther se probleem
Hierdie brief stem baie ooreen met Spreuke in die Ou Testament
Daar was vyf hooftemas in hierdie brief
Daar was baie kritiek en dit het lank geduur om die brief as kanon in die Bybel te kry
Die probleem het sy oorsprong uit die outeurskap van die boek
Party mense beweer dit is nie ? Christelike geskrif nie
Dit is meer ? Ou Testamentiese wysheidsgeskrif
Die naam van Jesus kom net twee maal in hierdie brief voor
As Jood, druk Jakobus homself in Hebreeuse styl uit
As die brief egter noukeurig gelees word, is dit duidelik dat daar meer verwysings is na Christus.

Hy verwys na die wederkoms van die Here
Sommige sien sy uitspraak oor dade wat belangrik is as dat hy Paulus weerspreek
Paulus leer dat ? mens gered word op grond van jou geloof en nie volgens wetsonderhouding nie
Hierdie skrywers het dit vanuit verskillende fokuspunte benader
Jakobus leer dat jou dade jou geloof moet bewys – dit is die vrugte van geloof
Vir Paulus is geloof ? gawe van God 10x2= (20)

2.4 <u>Die outeurskap van die brief van Judas</u>

Die naam Judas was baie gewild
Minstens vyf mense met die naam in die nuwe Testament:
Paulus bly by Judas in Damaskus toe hy blind was
Judas Barabas was die leier van die kerk in Jerusalem
Twee van Jesus se dissipels was Judas genoem
Judas Iskariot wat Jesus verraai het
Judas die seun van Jakobus
Judas, broer van Jakobus en Jesus
Hy noem homself ? **dienskneg van Jesus**
Hy onderskei homself van die ander apostels
Hy verwys na Jakobus as die broer van Jesus
Matteus noem Jakobus en Judas as broers van Jesus
Jesus se broer het die brief geskryf 8x2= (16)
**[80]**

## VRAAG 3

3.1 <u>Johannes se gebruik van die Logos-woord</u>

In Grieks beteken **logos gees** en **woord**.
Die Grieke (Stoïsyne) het geglo dat alles in die heelal nie toevallig kon ontstaan nie.
Hulle het geredeneer dat logos die Wese van God, verantwoordelik was vir die universele orde.
Volgens hulle was dit logos, wat die mens help om te redeneer/dink.
Johannes gebruik die woord logos om die Grieke die blye boodskap te laat verstaan.
Voor die bestaan van die wêreld was die Woord (Logos).
Deur die logos (Woord) het God alles geskape.
Die woord logos is die bron van alle lewe.
Die Woord het mens geword in Jesus.
In Jesus sien ons die Logos van God.
Vir die Jode is die Logos Woord.
Jode weet van die krag van die Woord van God.
In die begin het God gespreek en die wêreld is geskep.
Hy verteenwoordig hierdie kragtige Woord wat in Jesus mens geword het.
Johannes 1:1 kan aangehaal word. 9x2= (18)

3.2 Boodskap van Filippense aan gelowiges

Nederigheid:
Paulus moedig die Filippense aan om nie selfsugtig te wees nie.
Hulle moet voortgaan om liefde te gee en onder mekaar te deel wat hulle het.
In tye van nood moet hulle saamstaan.
Hoogmoed (trots) sal hulle gemeenskap (gemeente) vernietig.
Leef soos Christus (voorbeeld). Hulle moet optree soos Jesus.
Hy is hulle voorbeeld. Hy was nederig. 3x2= (6)

Eenheid:
Paulus doen ? beroep op Euodia en Sintige om op te hou om te stry en in harmonie saam te werk.
Hulle rusie veroorsaak verdeeldheid onder die gemeente.
Hulle moet aanhou om te bid. Deur gebed kan eenheid in Christus behou word.
Dit wat geleer is, moet prakties toegepas word. 3x2= (6)

Blydskap (Vreugde):
Dit is die hooftema van die brief – word tot 16 keer gebruik.
Al is Paulus in die tronk, ervaar hy nog blydskap.
Hulle moet hul lewe aan God wy, dan sal hul blydskap ervaar
Hulle moet soos ligte skyn in die wêreld.
(Studente moet al drie temas gebruik) 2x2= (4)

3.3 Aan wie is die drie briewe van Johannes gerig?

1 Johannes: Gee geen spesifieke aanduiding nie, moontlik gerig aan die gemeentes in en om Efese.

11 Johannes: Gerig aan die geliefde vrou en haar kinders – weer moontlik ? gemeente en hulle lede.

111 Johannes: Aan 'my geliefde Gaius' gerig – moontlik ? kerkleier. 3x2= (6)

3.4 Twee van die dwaalleerstellings.

3.4.1 Gnostisisme
Jesus en Christus nie een persoon nie
Die Heilige Gees (Christus) het met Jesus se doop besit geneem van Hom.
Dit het Jesus verlaat voor Sy lyding aan die kruis.
Jesus was daarom nie die Woord wat mens geword het nie.
Johannes noem hulle die anti-chris.
Volgens die gnostici, kon die aardse liggaam maar sondig, solank die gees van hulle, wat tot kennis gekom het, suiwer en rein bly.
Hulle het hulleself as verhewe bo ander beskou.
Hulle is egoïsties en veroordeel ander wat van hulle verskil
God het niks met stoflike dinge te doen nie – Hy het dus nie die wêreld geskep nie
Beweer dat Jesus nie voetspore gelaat het nie, Sy liggaam het nie gewig of tasbaarheid gehad nie. 10x2= (20)

**OF**

3.4.2 Judaïsme

Was gebind deur die Wet, besnydenis en wette wat hulle moes gehoorsaam
Deur die Wet te onderhou, bring verlossing
Dit was om Christus te misken
Hulle misken die Verbond van Genade
Geen persoonlike verbond tussen God en die gelowige nie – hulle was Palestynse Jode.
Petrus verwys na hulle as "honde".
Hulle beweer dat hulle die evangelie van Christus verkondiig maar verdraai dit.
Hulle wou heidene eers die Joodse geloof laat aanneem voordat hulle Christene kon word. (20)

**OF**

3.4.3 Antinomiane

Joodse wette het opgehou om te bestaan met die koms van Jesus
Almal is nou onder God se genade
Omdat God alle sondes vergewe het, kry jy meer genade hoe meer sonde jy doen
Het geargumenteer dat indien jy God met jou hele hart/gees liefhet, kan jy doen wat jy wil met jou liggaam
Niks was vir hulle verbode nie
Hulle verdraai die Skrif om aan hulle eie doeleindes te voldoen
Hulle het die Christelike geloof in oneer gebring
Hulle wil net geld maak uit hulle opgemaakte stories
Hulle is soos wilde diere wat deur hulle instinkte aangevuur word, oorheers deur hulle fisieke wellus.
Hulle belowe vryheid terwyl hulle vleeslike begeertes hulle oorheers.
Hulle ken die regte dinge maar kies die slegte
Petrus verwys na hulle as honde wat na hulle eie braaksel terugkeer en varke wat rol in die modder nadat hulle gewas is. 10X2= (20)

**[80]**

## VRAAG 4

4.1 Die verskille tussen die sinoptiese evangelies en die Evangelie volgens Johannes

Die begin van die Johannes-evangelie verskil van die ander.
Die sinoptiese evangelie skrywers begin hulle evangelies op ? sekere tydstip terwyl Johannes terugkeer na voor die skepping.
Johannes gee ? ander weergawe van waar Jesus oral geleer het.
Johannes gee ? ander beskrywing van hoe lank Jesus se werk op aarde geduur het.
Daar is moontlik verskil van mening oor Jesus se ouderdom.
Die beskrywing van wanneer Jesus Sy werk begin het, is verskillend.
Dit is anders in die opsig dat Johannes ons vertel van Jesus wat mense doop.
Die tydsberekening van die reiniging van die tempel verskil.
Baie van die besonderhede in verband met die Lydensverhaal is anders.
Johannes laat baie dinge uit wat in die sinoptiese evangelies ingesluit word.
Jesus word gesien as onafhanklik van ander mense.

Niks kan gebeur met die Jesus van die Johannes-evangelie nie.
Jesus het bomenslike kennis.
Jesus word reg van die begin af as Messias erken, sê Johannes
Johannes vertel ons nie van Jesus se manwording nie.
Jesus praat skynbaar net oor Sy goddelikheid.
Die sinoptiese evangelies bestaan uit insidente, maar Johannes s'n is ? letterkundige eenheid.
Johannes beskryf nie die genesing van enige besetenes of melaatses nie.
Johannes beklemtoon die wonderwerk-element in Jesus se werk meer as die ander.
Jesus se medelye is nie so opvallend nie.
Volgens Johannes bring wonderwerke geloof voort
Johannes bied wonderwerke as tekens van Jesus se goddelikheid maar in die sinoptici demonstreer dit God se genade en liefde. 13x2= (26)

4.2 <u>Epafroditus:</u>

Epafroditus word deur die gemeente van Filippense na Rome gestuur met ? geskenk vir Paulus.
Daar in Rome word hy ernstig siek – tot die dood toe.
Die gemeente het dit gehoor en is nou bekommerd oor Epafroditus
Hy het egter weer gesond geword tot Paulus se groot vreugde.
Nou stuur Paulus hom terug sodat hulle kan sien hy is beter.
Hy stuur die brief saam om hulle te oortuig Epafroditus het nie gedros nie
Hy stuur die brief as ? soort getuigskrif dat Epafroditus pligsgetrou was.
Die gemeente moet hom met blykskap ontvang
Paulus is lief vir Epafroditus 8x2= (16)

4.3 <u>Beeld van die vroeë kerk</u>

As gevolg van geloof, baie moeilikhede trotseer
Versoeking om aan wêreld se vriende toe te gee
Binne kerk geen broederlike liefde nie
Diskriminasie in die kerk
Rusies binne die kerk
Praat kwaad van mekaar
Bitterheid, naywer, jaloesie 4x2= (8)

4.4 <u>Die Openbaring is ? profeties-apokaliptiese boek</u>

<u>Profetiese boek</u>
? Profeet dink in terme van die wêreld waarin hy leef
Hy roep mense om gehoorsaam te wees aan God en Hom te dien in hulle alledaagse lewe
Hy praat met die mense van sy dag en stel hulle voor die uitdaging van God se boodskap.
Johannes roep mense van die teenswoordige wêreld om God te dien deurdat hy as profeet verklaar wie God die Vader, Seun en Heilige Gees is.
Sy profetiese boodskap is een van bemoediging en hoop.
Johannes bevestig God se absolute volmaaktheid – hy verduidelik indirek wie God is.
Johannes bevestig Christus se gelykheid met God.
Johannes kondig aan dat God se heilsplan in Christus voltooi is.
Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof sal eer en lof ontvang.

Apokaliptiese boek
Johannes beskryf die vernietiging van die wêreld en sê dat dit vervang sal word deur ? nuwe hemel, aarde en Jerusalem.
Johannes noem dit die openbaringswoorde
Johannes het die boek geskryf gedurende ? tyd van vervolging.
Dit is geskryf om Christene te bemoedig wat vervolg is deur die Romeine.
Dit bestaan uit beskrywings van gesigte oor die toekoms.
Hy toon in hierdie visioene hoe die wêreld vernietig sal word.
Johannes gebruik baie simbole om hierdie nuwe wêreld te beskryf (getalle, syfers, diere, menslike liggaamsdele) alles het ? simboliese betekenis.
Die ou wêreld word vernietig en vervang deur ? nuwe een.
Johannes interpreteer huidige gebeure in terme van ? toekomstige werklikheid.
Slegs die getroues sal volkome geluk kan geniet in die toekomstige wêreld.

15x2= (30)
**[80]**

**VRAAG 5**

5.1 Sinoptiese probleem

Probleem: *Hoe kon drie verskillende mense, (Matteus, Markus, Lukas) aan drie verskillende volke, op drie verskillende plekke, verskillende tye, drie evangelies skryf wat so eners is volgens samestelling, inhoud en taalgebruik?*

Ooreenkomste in hooftrekke: Al drie evangelies het dieselfde uiteensetting. Doop en versoeking van Jesus; sy Galilese bediening; reis na Jerusalem; laaste week in en om Jerusalem, gevangeneneming; verhoor, kruisiging en opstanding.

Ooreenkomste in taal: Volle sinne of sinsnedes is dieselfde; vreemde Griekse woorde stem ooreen; Jesus se woorde soms in identiese Grieks weergegee.

Ooreenkomste in inhoud: Sommige vertellinge kom voor in net een van die evangelies terwyl ander in twee of drie voorkom. In die meeste gevalle, baie eenders.

Hierdie drie evangelies stem baie nou ooreen ten opsigte van inhoud en skryfstyl. Die ooreenstemmings lei tot die vraag of is dit werklik elkeen se individuele poging of het die een by die ander afgeskryf? Hoe is dit moontlik dat hulle so kan ooreenstem en hoekom is daar wel nog groot verskille ook?

Punte vir voorbeelde word gegee
10x2= (20)

5.2 Lukas se universaliteit

? Universele evangelie
Geslagsregister tot by Adam.
Haal Jesaja aan wat sê: "En al die mense sal die verlossing sien".
Samaritane word genoem – gelykenis / melaatse is dankbaar
Die Romeinse soldaat se geloof
Lukas beklemtoon dat Jode en nie-Jode ? plek het in die Koninkryk van God.
Barmhartige Samaritaan geloof vir wat hy gedoen het.
Van die tien melaatses, keer slegs die Samaritaan terug om dankie te sê vir God.
Jesus vind die geloof by ? nie-Jood (? Romeinse soldaat) wat hy nooit by die Jode kon kry nie.
Lukas toon dat die koninkryk van God ook vir die armes is – gelykenis van ryk man en Lasarus.
God kies ? arm vrou om Sy Seun se moeder te wees.
Maria kon net twee duiwe offer toe Jesus besny is.
Jesus preek dat ? mens se lewe nie in terme van stoflike besittings geëvalueer word nie.
Rykes – Josef van Arimatea ? vriend.
Lukas ? sterk sin vir sosiale regverdigheid.
Sondaars: Jesus eet by Saggeus, ? tollenaar
Jesus eet by Fariseërs.
Vroue: Vroue word spesiaal vermeld.
Vroue het ook tot Jesus se binnekring behoort. Jesus was sag met die sondige vrou (? prostituut) wat Sy voete gesalf het.
Meld ook Elisabet, Maria, Anna en Maria Magdalena. 12x2= (24)

5.3 Eskatologiese verwagtings – 11 Petrus 3

As Christus nou nog nie gekom het nie sal Hy nooit kom nie.
Verder sal niks regtig verander nie, want die ganse skepping is nog dieselfde
Daar is dus geen tekens nie en Christus het vergeet
Petrus leer ons om dit te weerspreek
Tyd is by God nie belangrik nie – een dag is duisend jaar of andersom.
Alles het nie so gebly nie – dink aan Noag en daarna.
God het nie vergeet nie, Hy toon genade sodat almal hul eers bekeer.
Dit gaan onverwags gebeur. Soos ? dief wat in die nag kom.
Ons weet nie wanneer nie – net God weet wanneer
Ons moet geduldig wees en gereed wees. 10x2= (20)

5.4 Doel van die boek die Openbaring

Johannes troos die wat vervolg word
Dit is ? versterker vir die vervolgde kerk.
Christene moet weet dat God hulle lyding sien.
Hulle sterwe is vir God kosbaar.
Hy sal hulle dood wreek.
Om te wys dat God steeds oor die wêreld regeer.
Om te wys dat God se plan vir redding wel waar sal word.
Daar is hoop op redding vir almal.
Die beloftes van die Ou Testament het waar geword.
Daar sal ? einde wees aan alles.
Die gemeenskap met God bly voortbestaan.
Die mens gaan of beloon of gestraf word.
Jesus en die Vader is Een. 8x2= (16)

**[80]**

AFDELING C

**VRAAG 6**

6.1 Geloof in God as Skepper

God het die wêreld geskep om Sy liefde te deel.
Alles wat bestaan, is deur God geskep.
Hy skep uit niks, sonder hulp.
Hy spreek en dit is geskape.
Jesus was die Woord waardeur God skep.
Die Heilige Gees was ook teenwoordig.
Die Gees het geswerf op die waters.
Die mens was die kroon van God se skepping
God was tevrede met sy skepping
Alles was goed.
Die ganse skepping was tot eer van God. 7x2= (14)

6.2 God se verhouding teenoor die gevalle sondaar

Adam en Eva was ongehoorsaam aan God en het die proefgebod verbreek. So het sonde in die wêreld gekom.
Hulle wou vry wees, maar was nou gebind aan die sonde.
Hierdie valse vryheid was ? illusie, want hulle is nou onder Satan se heerskappy.
Volmaakte verhouding wat bestaan het, is verbreek deur die sonde.
Affekteer nie net Adam en Eva nie, maar die hele mensdom (hulle nasate).
God laat dit nie net daar nie, wys die weg aan na versoening.
God belowe ? Verlosser wat die verhouding sou kom herstel.
Gelowige sal gered word en uit die dood opgewek word.
Satan het geen mag oor die Christen nie. 6x2= (12)

6.3 Die unieke verhouding tussen Jesus en God

Jesus noem God 'my Vader'
Hy is God se enigste seun.
Hy is God se natuurlike seun.
Jesus is die Logos – 'Woord'
Jesus was saam met God van die begin af daar.
God het Sy enigste Seun gestuur na die wêreld.
Jesus het eerstehandse kennis van God.
Sy woorde is die woorde van die Vader.
God het alles aan Jesus oorhandig.
Seun en Vader is een. 10x2= (20)

6.4 Gebed in afsondering en in die openbaar

Jesus het in afsondering gebid – tot Sy Vader voor die verkiesing van die twaalf dissipels.
Gebed is dikwels privaat as gesprek tussen God en die mens.
Jesus bid ook in die openbaar.
In die sinagoge tussen ander.
Hy bid vir Sy dissipels in die openbaar as hoëpriester.
Jesus betig die Fariseërs wat bid om gesien te word.
Jesus kritiseer ook lang betekenlose gebede en sinne.
Hy bid op die Sabbat in die sinagoge.
Jesus bid voor groot gebeurtenisse in Sy lewe op aarde. 7x2= (14)

6.5 Jesus het die Wet vervul

Die mens kan nie sy eie saligheid verdien nie.
Die Fariseërs het dit probeer doen.
Christus is die ware redding.
Hy is die ware Wet van God.
Ons moet in Hom glo.
Ons moet die werking van Sy Wet vertrou.
Die Wet leer ons van sonde.
Die Wet help nie om sonde te oorkom nie.
Die Wet bring kennis van die sonde.
Die bedoeling van die Wet is om vir die mens op sy swakheid te wys.
Toon dat hy die Verlosser nodig het.
Sonde is opstand teen God.
Tot Christus se koms het die Wet ons oorheers.
Die Wet is ? gids na verlossing (en God).
Christus is die Nuwe Wet.
? Mens is nie vry van alle morele verpligtings nie.
Hy/Sy is vry van die las wat die ou Wet opgelê het.
Die mens is steeds onderwerp aan die Wet van Christus.
Jesus is die Wet van Liefde. 10x2= (20)
**[80]**

## VRAAG 7

7.1 Die name van God in die Ou Testament

| | | |
|---|---|---|
| El: | Beteken sterkte of mag. Hierdie woord word gebruik om na ? kragtige man te verwys. Wanneer dit vir God gebruik word, word dit gespesifiseer: El Shaddai. | (4) |
| Elohim: | Heidene (nie-Israeliete) het die naam gebruik om na hulle gode te verwys. Vir Israel beteken dit dat God baie magte het. Dit was die naam van die Een wat alle bestaande dinge geskape het. | (4) |
| El-Shaddai: | Beteken "Een van die Berg". Berge simboliseer mag en majesteit. God is almagtig. | (2) |
| Jahweh: | God het Homself so aan Moses bekendgemaak by die brandende bos, nl. "Ek is wat Ek is". | (4) |
| Adonai: | Dit beteken Here en is gebruik in die plek van Jahweh. | (2) |
| Jahweh – Sabaot: | Dit beteken "Here van die leërskare". Dit verwys óf na al God se engele óf na die leërs van Israel. | (2) |
| Jehovah: | Die naam is saamgestel uit die konsonante van Jahweh en die klinkers van Adonai. Dit kom nie in die oorspronklike Hebreeuse Bybel voor nie. | (4) |

7.2 <u>Die wederkoms van Jesus Christus</u>

Dit is ? realiteit – dit het alreeds begin.
Dit is eers wanneer ons sterf wat ons volkome in die Ewige Lewe ingaan.
Niemand weet presies wanneer dit sal plaasvind nie – nie eers Jesus nie, net die Vader weet.
Dit sal kom soos ? dief in die nag (onverwags).
Baie tekens kan dit voorafgaan.
Jesus Christus sal met Sy opgestane liggaam op die wolke verskyn, almal sal hom sien.
Chaos sal uitbreek en die wêreld sal vernietig word. ? Nuwe wêreld sal in sy plek gemaak word.
Die wat nog leef en die wat reeds gesterf het, sal geoordeel word.
Hulle wat bose dade gedoen het, sal gestraf word.
Hulle wat goeie dade gedoen het, sal beloon word.
Die skepping sal hernu en verander word. Christus sal heers.
Die Koninkryk van God sal op die aarde gevestig word.
Geen trane, oorlog of misdaad nie.
Daar sal ? nuwe hemel en ? nuwe aarde wees. 10x2= (20)

7.3 Gebed in geloof en gehoorsaamheid

Die gebed van ? gelowige het baie krag sê Jakobus.
Elia was net ? gewone mens en sy gebede is verhoor.
Dit is omdat hy geglo het God sal sy gebede verhoor.
Wanneer ons in geloof bid, vertrou ons dat God sal gee wat ons van Hom vra.
Mense met Vigs moet glo dat ongeag watter probleem hulle ook al mag hê, God die enigste oplossing is.
Alleen gebed in geloof slaag – moenie toelaat dat julle soos ? boot sonder seil ronddobber nie.
Gebed in gehoorsaamheid het krag. Waar alle hoop verdwyn, kan God wonders laat plaasvind.
In plaas van bygelowe, kan ons God vra om te help.
Aanvaar wat God besluit in die wete dat Hy die beste weet en in beheer is.

6x2= (12)

7.4 Die Tweede Gebod

Maak van beelde:
God het die aanbidding van beelde (standbeelde) verbied.
Die mens aanbid altyd wat vir hom die belangrikste in die lewe is.
Al die tyd, energie, geld en gedagtes word daaraan spandeer.
In die Ou Testament is baie afgode aanbid en profete het dit veroordeel.
Israel het dikwels hierdie gebod oortree en is deur profete veroordeel.
God is vry en is oral teenwoordig, kan nie deur mense beperk word nie.
God sal optree en sal verseker dat slegs Hy en Sy regte erken word.
God duld nie mededingers nie.
Hy vereis om geëer en aanbid te word as die enigste God.
Die gelowige moet God alleen aanbid om vrede in sy gemoed te kan kry.
Afgodediens word deur God verbied.
Christus is die enigste ware beeld van God. 8x2= (16)

Rede waarom gebod nagekom moet word

Hierdie deel van die Gebod is ? konstante herinnering aan ons dat ons ? verantwoordelikheid het teenoor mekaar, veral ons nasate (kinders).
In hierdie deel van die Gebod waarsku God die Israeliete teen die gevare van afgodediens.
Hulle kinders sal ook afgode aanbid en van God vervreemd raak. Hulle sal straf vir hulleself en baie geslagte veroorsaak. ? Lewenstyl wat die jaloerse God van Israel nie sal duld nie. 5x2= (10)

**[80]**

**VRAAG 8**

8.1 <u>Heilige Gees as Trooster en Leermeester</u>

Die Heilige Gees is die Parakleet
Hy is ons Advokaat, Helper en Raadgewer
Hy is gestuur in die plek van Jesus
Jesus het belowe om die Heilige Gees na die dissipels as Trooster te stuur
Hy moet die waarheid openbaar van God en van Jesus
Hy help die mens onderskei tussen reg en verkeerd
Hy help die dissipels om te onthou wat hulle geleer het.
Hy is deur die Vader gestuur
Hy gee hoop aan die vervolgdes
Hy gee hulle krag om te volhard
Hy is die Leermeester oor wat sonde, reg en geregtigheid is.
Hy leer die mens van goed en kwaad.
Hy leer die mens om God te eer en te loof
Hy leer die mens deur die Skrif
Hy het die skrywers van die Bybel geïnspireer 9x2= (18)

8.2 <u>Jesus se hemelvaart en die beloftes.</u>

Veertig dae na Sy dood, vind dit plaas
By Bethanie – het Sy hande opgehef en hulle geseën
? Wolk het Hom weggeneem.
Dit is ? geskiedkundige gebeurtenis
Sy dissipels het na Jerusalem teruggegaan
Wag op die Heilige Gees.

Die belofte van sy Heilige Gees

In Jesus se laaste onderwysing het Hy hierdie belofte gemaak
Dit sou vir die dissipels voordelig wees as Jesus weggaan – só sou hulle sy Gees ontvang. Gees sal hulle help.
In Johannes word die Gees ook die Trooster genoem.
Hy sal Jesus se werk voltooi.
Dissipels sal met die Gees gedoop word.

Die belofte van gemeenskap

Christus is nie meer gebonde aan tyd en ruimte nie.
Sal met die mens wees tot in die laaste dae.
Jesus het liggaamlik opgevaar na die hemel
Deur sy Gees het Hy egter steeds kontak en gemeenskap met die gelowiges.
Christus bid vir eenheid onder Sy dissipels.
Die Gees maak sy woning in die harte van die wat glo.

Die belofte van sy Heilige Gees

Jesus belowe baie plek in Sy Vader se huis.
Hy is die hoof van die kerk.
Lede van die kerk sal ook met God verenig word.
Jesus het getuig dat Hy gaan om vir die wat glo, plek te berei in die Vader se woning
Hy wil dat, waar Hy is, diegene wat aan Hom behoort, ook sal wees. (Joh. 17:24)

Die belofte van voorbidding

In die hemel gaan Jesus se werk voort
Hy tree vir die mens in as Voorspraak.
Hy pleit vir die mens by God op grond van sy kruisdood.
Hy tree dus vir die gelowige in as Hoëpriester.
Sit aan die regterhand van God.
Hy is die Geregtigde. 10x2= (20)

8.3 <u>Ons Vader-gebed</u>

Ons Vader wat in die hemel is
Laat U Naam geheilig word
Laat u Koninkryk kom
Laat U wil ook op die aarde geskied net soos in die Hemel
Gee ons vandag ons daaglikse brood
Vergeef ons ons oortredings
Soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree
Laat ons nie in versoeking kom nie
Maar verlos ons van die bose
Want aan U behoort die koninkryk
Die krag en die heerlikheid
Tot in alle ewigheid - Amen. 10x2= (20)

8.4 <u>Negende gebod: Beskerm die regte van jou naaste</u>

Indien jy onwaarheid praat, beswadder jy ? ander se naam – dis ? misdaad.
Hierdie gebod sluit aan by die derde gebod – misbruik jou naaste se naam hier geldig.
Enige leuen toon gebrek aan respek vir die regte van jou naaste.
Christus is die waarheid.
Slegs hulle wat getrou aan die waarheid bly, sal die ewige lewe beërwe
Dit vereis selfdissipline by die gebruik van die tong
? Kwaadwillige woord veroorsaak hartseer.
Vooroordeel verblind die mens vir die waarheid.
Ons moet ander volgens meriete aanvaar en nie veroordeel nie.
Ons moet nie die skuld op iemand anders pak nie.
Deur halwe waarhede te vertel is ook ? oortreding van die gebod.
Kwaadwillige geskinder sal daar rekenskap van gegee moet word op die oordeelsdag.
Om ? leuen te vertel is ? oortreding teen Christus.
Om mekaar lief te hê is die opdrag. 11x2= (22)
**[80]**

## VRAAG 9

9.1 <u>Die kern van die Christelike geloof word in die Bybel gevind</u>

11 Tim 3:16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ? regte lewenswyse te kweek." (4 punte)

In die Bybel openbaar God Homself – direk en indirek.
Die Bybel is getuie van wat God onder die mens gedoen het.
Wek geloof by die gelowige.
Lei die mens na God toe – sodat hy in vrede met hom kan leef.
Lei hom om ? suiwer lewe te lei.
Leer hom om almal met liefde te hanteer
Leer hom van sonde en bekering
Leer hom van God se name / God se verhouding met mense / God se gebod
Leer van Jesus Christus / Sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms
Leer hom van die Drie-eenheid.
Leer hom van vergiffenis / opstanding en die Ewige Lewe. 10x2= (20)

9.2 <u>Die verskil tussen **geloof in God** en **geloof dat God bestaan**</u>

Geloof in: Totale geloof. Die gelowige se hele lewe word daardeur gedomineer. Dit beïnvloed die persoon se hele wese, en is nie net ? begrip in sy verstand nie. Dit raak die persoon se besluite, sy optrede, is lewensveranderend en verander ook sy hart.

Geloof dat: Die soort geloof aanvaar dat iets die waarheid is, maar dit verander nie gedrag nie. Dit is bloot ? intellektuele geloof. Het geen verandering of optrede nie. 5x2= (10)

9.3 <u>Die kerk se houding teenoor mense wat Vigs het.</u>

Die kerk is nie beperk tot net ? sekere groep mense nie.
Daar mag geen diskriminasie wees nie.
Die kerk moet hoop bring vir ander en dissipels maak van alle mense.
? Gevoel van samehorigheid is nodig.
Die kerk moet liefdevol en sorgsaam wees.
Broederlike liefde is die grondslag van die kerk.
Die kerk moet die plek wees waar uitgeworpenes skuiling kan vind en welkom kan voel.
Die kerk moet Christus se voorbeeld navolg, nl. liefde teenoor die naaste.
As een lid van die liggaam ly, ly almal. 6x2= (12)

9.4 Heilige Gees: Vergifnis van sonde

Heilige Gees lei ? Christen tot bekering.
Heilige Gees gee geloof vir enige mens wat sy hart oopmaak vir God.
Hy maak dit moontlik vir ? gelowige om tot bekering te kom.
Hy maak ons bewus van ons sonde.
Verandering van hart lei tot die doop.
Heilige Gees hou ons naby God.
Die Heilige Gees is tot beskikking van enige mens wat God aanvaar.
Hy sal in die gelowige se hart woon.
Vergifnis se Griekse woord is om "vry te laat" of "om weg te stuur"
Geen straf is dan meer nodig nie.
Sonde is om die teiken te mis/misluk.
Heilige Gees help dat die mens opreg jammer is en sy lewe verander. 8x2= (16)

9.5 Ewige lewe – Wat kan verwag word?

God beskik oor die ewige lewe.
Dit is ? gawe van God.
Deur in Christus te glo, kry gelowiges dit.
God wil nie dat enigiemand vergaan nie.
Daar sal ons saam met God wees.
Geen honger, dors of swaarkry nie.
Geen dood, rou, trane of pyn nie.
God is verenig met ons op die nuwe aarde/hemel.
Geen skeiding tussen God en die mense nie, maar volmaakte harmonie
Nie net bedoel vir die toekoms nie
Jy kry dit van die oomblik dat jy Jesus aanneem/glo.
Met die dood gaan ons dit heeltemal binne en word met God verenig.
Die Heilige Gees help ons dit glo en lei ons die ewige lewe in. 7x2= (14)

9.6 Samevatting van die Wet

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand". Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

(Studente hoef dit nie woordeliks aan te haal nie). 4x2= (8)

**[80]**

**400**